DURBAN SE NUWE KERK.

Op 'n Historiese Stuk Grond Gebou.

WAAR PIET RETIEF EN DIE ENGELSE ONDERHANDEL HET.

(S.) Durban, 15 Juni.—Die Afr. Holl. publiek alhier stel die grootste belang in die a.s. besoek van die Minister van Justisie bij geleentheid van die hoeksteenlegging van die Ned. Geref. Kerk alhier.

Mnr. Moerdijk, die argitek, het mij aan 'n paar besonderhede omtrent die saak gehelp. Volgens die bestek gaan dit 'n baie aantreklike gebou wees. Ik herinner mij wat Ds. J. D. Kestell 'n paar jaar gelede oor mnr. Moerdijk se kuns gesê 't—dat dit bepaald interessant is, soos die argitek die Kaaps-Hollandse stijl toepas. "Hij is oorspronkelik in sij behandeling. Dit is treffend hoe hij die eienaardighede van die stijl wat hij gebruik aanpas bij die gewijde karakter van die ontwerpe wat hij maak. En dan is dit ook alles prakties aangewend na die besondere behoefte van die Gereformeerde erediens, soos ons dit bij ons eie volk en ons eie land aantref. Dit gee sij werk waarde."

Dit was ook mij indruk. Die Durban se Kerk is ontworpe volgens die Kaaps-Hollands boutrant; hierdie stijl is besonder passend omdat die gemeente aldaar hul beskou as verteenwoordigers van die Voortrekkers in 'n bijna uitsluitelik Engelssprekende stad.

Daar sal 450 sitplekke op die grond wees en nog 200 in die galerij. Die sitplekke is so gerangskik dat iedereen die prediker maklik kan hoor en sien. Die verste sitplek is nie meer as sestig voet van die spreker nie.

Daar is verder 'n koor en orgel-galerij. Die behoeftes van die maatskaplike samelewing van die Afrikaners in Natal se Kusstad is nie vergeet nie. Daar is 'n vergader- en konsertsaal met ruim 200 sitplekke, 'n mooie platform en koffiekamer.

Die Kerkraad is daarin gestaag om 'n historiese stuk grond te krij. Vertel word dat dit die plaas was waar Piet Retief met die Engelse onderhandel het voordat hij op sij laaste besoek naar Dingaan gegaan het. Op die stuk grond waarop die Kerk gebou word (hoek van Smith-straat en Cato-laan) staan 'n besonder mooi inheemse boom; en aangesien die argitek baie daarop gestel is om die boom te behou, is die ontwerp so ingerig dat dit gebeur. Onder die beskermende takke van die groot boom is nou 'n pragtige plek vir basaars of dergelike doeleindes.

Op die kerktoren kom die tradisionele vergulde haan, wat van 'n hoogte van amper 100 voet deur geheel Durban—en selfs van uit die see—gesien sal word. "Het Haantje van de Toren" is nog op baie plekke iets nuuts, maar te Durban sowel as op Dundee wil nou 'n haantjie prijk!

Die opskrif van die hoeksteen sal wees:

Onder Dankzegging tot God en ter gedachtenis van onze Voortrekkers Voorvaderen wordt deze steen gelegd op 7 Julie, 1923, door Zijn Edele N. J. de Wet, Minister van Justitie.

"Gij leiddet door Uwe weldadigheid dit Volk dat Gij verlost hebt."—Ex. xv. 13.

F. Ferd, Voorzitter B.K. Wilson & Hendry, Aannemers.

Louw & Moerdijk, Architecten.

Daar die gemeente klein en arm is, was dit eers nodig om die galerij weg te laat, maar deur die gewendheid van 'n dame uit Volksrust (Mevr. Uys) is hulle nou in staat om die Kerk te voltooi.